NOTULE VERGADERING U.K. VAN DIE S.A.S.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP 21 AUGUSTUS 1959.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors); Ds. J.J. Fourie, Ds. W.R. de Kock (Org. Send. Sekr.); Ds. L.L. Nel (Alg. Send. Sekr).

OPENING:

Ds. P.S.Z. Coetzee het met gebed geopen.

NOTULES VORIGE VERGADERINGS: Goedgekeur.

B U I T E L A N D.

1. VERLOFTYE ELKE TWEE JAAR: Hierdie saak word opgedra aan die Alg. Send. Sekretaris om met Mnr. J. van Graan te skakel en uit te vind wat die finansiële implikasies is.

2. MNR. J.M. BADENHORST: SKULD: Met hierdie saak is die betrokke kommissie nog besig.

3. FINANSIëLE POSISIE OPVOED. DEPT.: Hierdie saak staan oor en die saak word verwys na Ds. J.J. Fourie en Mnr. J. van Graan om voor die volgende U.K. vergadering te lê.

4. BEROEPING SENDELINGE VIR BUITELAND: Die betrokke kommissie is besig met hierdie saak.

5. RADIOVERBINDING: Hierdie saak staan oor om verder informasie te bekom.

6. NORMAALSKOOL SERENJA: Hierdie saak staan oor vir later verwikkelinge.

7. REISKOSTE BESTUURDERS VAN SKOLE EN EERW. HOFFMAN SE BRIEF 22 Julie): Die betrokke instansies is besig met die uitvoer van hierdie saak.

8. BESOEK LERAAR VAN ONS KERK AAN SENDINGVELD: Wanneer verder informasie ontvang word, sal die U.K. weer die saak in behandeling neem.

9. MEJ. A. LOUW: LENING: In die afwesigheid van die Alg. Send. Sekretaris in Kaapstad word hierdie saak opgedra aan die Org. Send. Sekretaris. (Sien bylae A.)

10. BUITEGEBOU BY SENDINGRUSHUIS LUSAKA: Hierdie saak word verwys na die Alg. Send. Sekretaris en die Saakgelastigde met volmag van handeling. (Bylae B.)

11. H.G. RAATH, BEDANKING: Opdrag word aan die Alg. Send. Sekretaris gegee om aan hierdie saak uitvoering te gee. (Bylae C.)

12. NYANJE ENJIN VIR WATERPOMP: Aan hierdie saak word uitvoering gegee deur die Alg. Send. Sekr. na raadpleging met die Saakgelastigdekantoor. (Bylae D.)

13. KRANKHEID MEJ. M. HEYNS: Aan hierdie saak word gunstige oorweging verleen. (Bylae E.)

14. MNR. P.R. BOTHA: Die vergadering neem met groot dank kennis van die mooi vordering van Mnr. P.R. Botha.

2/ .....

15. TWEEDE WERKSTER IN DIE WESTE: Die antwoord in verband hiermee van die waarn. Alg. Send. Sekr. word goedgekeur.

16. DR. G. VAN ROOYEN, ONGESTELDHEID: 'n Brief van simpatie sal aan hom gerig word.

17. DIE GEMEENTEHUIS, KATETE: Die aangevraagde handeling i/s begroting 1960 word goedgekeur. (Bylae F.)